Lowveld online

Mpumalanga.info

Onmin na hond geskiet word

by: Landé Cawood
7/21/2008 3:42:00 PM

NELSPRUIT - "Habana was deel van ons gesin en ek kan nie glo dat iemand sommer net so 'n jong hondjie sal doodskiet nie," het die hartseer eienaar gesê nadat sy buurman die vermeende beesvanger geskiet het.

Maar volgens mnr. Neville van der Westhuizen, het hy nou genoeg gehad. "Dit is nie die eerste keer dat 'n buurman se honde my lewende hawe kom verniel en doodbyt nie."

Die sage het hom verlede Maandag afgespeel toe die nege maande oue Labrador-reuntjie vermis geraak en die Geldenhuys-familie rasend van bekommernis deurnag na die hond gesoek het.

"Ons dogtertjie ly aan 'n ernstige siekte, en Habana se afwesigheid het haar ongelooflik ontstel; sy was baie getrauma-tiseerd want sy was baie lief vir hom."

Volgens mnr. Basie Geldenhuys het sy vrou hulle kind by die skool gaan haal en met haar terugkeer na die kleinhoewe net buite Nelspruit, is sy deur die huishulp ingelig dat sy 'n skoot gehoor het en dat Habana weg was. Die hond kon nêrens opgespoor word nie en die huilende dogtertjie moes alleen gaan slaap.

Die soektog is die volgende oggend voortgesit, en volgens Geldenhuys het sy vrou oor die heining gesien hoe Van der Westhuizen 'n swart hond agterop sy bakkie laai. Op haar vraag of dit haar hond is, het hy na bewering geantwoord: "Ja, en ek sal vir julle die rekening vir my bulletjie nog stuur."

Alhoewel Geldenhuys nie kan insien hoe 'n hond van nege maande 'n bees kan verskeur nie, vertel Van der Westhuizen dat hy die jong hond saam met twee ander in sy kamp gevang het. "My seun het die bulletjie hoor skree, afgehardloop kamp toe en afgekom op die kalf op die grond en drie honde wat 'n tweede een jaag."

Volgens hom was dit 'n swart Labrador, 'n Duitse herdershond en 'n klein wit hondjie. "Toe ons hulle probeer wegjaag, het die Labrador my gestorm en toe skiet ek hom net daar," het Van der Westhuizen gesê.

Hy het die staatsveearts laat kom het en dié het gesê hy

mag 'n vreemde hond van kant maak as hy op sy eiendom is. "Vantevore het ek net sulke probleme gehad toe ek met ganse geboer het, en die honde hulle kom vang het."

Geldenhuys het 'n klag by die Nelspruit-polisie gaan lê. Hy het gesê: "Daar is geen bewys dat ons hond die bees doodgebyt het nie, en Habana is vir ons dogtertjie grootgemaak."

< back

Content is (c)2002 The Lowvelder
Hosted by SoftNet Internet Services

pb2002/01/09 - paul baecke govinda@mailbox.co.za